Wees Uself

Laerskool Jan van Riebeeck

Kloofstraat 52, Kaapstad 8001
Webtuiste: laerskooljanvanriebeeck.co.za
Tel: 021 423 4209
E-pos: ontvangs@jvrprim.co.za

**ALGEMENE VRYWARING TEN OPSIGTE VAN VERVOER**

Ek, die ondergetekende, ……………………………………., ouer /wetlike voog van

………………………. in Graad …… ("die Kind") gee hiermee toestemming dat:

die Kind tydens wedstryde/sport/enige ander aktiwiteite op watter dae dit ookal mag plaasvind, van busvervoer vanaf die Laerskool Jan van Riebeeck ("die Skool") tot by die betrokke skole en terug gebruik mag maak; die Kind vir wedstryde/sport/enige ander aktiwiteite of andersins, op die Conradieveld vanaf die Skool tot die Conradieveld van busvervoer gebruik mag maak; en wanneer die bus nie beskikbaar is nie, die Kind saam met 'n personeellid van die Skool in sy/haar private voertuig vervoer mag word.

Indien daar 'n betrokke dag is waar die Kind met alternatiewe vervoer na 'n wedstryd/oefening vervoer sal word, onderneem ek om dit onder die Skool se aandag te bring.

Ek verstaan dat die personeel van die Skool alle redelike voorsorgmaatreëls sal tref om die Kind se veiligheid te verseker. Ek verstaan egter dat daar nietemin risiko's en gevare mag wees waaraan die Kind blootgestel mag wees, veral die potensiële risiko van ongelukke tydens vervoer van deelnemers na, gedurende en van die wedstryd, of dit nou in die die Skool se bus of enige ander personeellid se voertuig is.

Ek bevestig dat my kind se deelname vrywillig is en ek aanvaar alle risiko's daaraan verbonde. Ek vrywaar dus die Skool en enige personeellid, behlawe teen growwe nalatigheid of opsetlikheid, teen enige verlies, skade en koste hoe ookal dit veroorsaak is en die Skool en enige personeellid sal nie aanspreeklik gehou word vir enige verlies/skade (insluitend indirekte of voortvloeiende verlies en skade) wat daaruit spruit nie.

Ek vrywaar hiermee die Skool en of enige personeellid van alle aanspreeklikheid, eise, verlies en skade van watter aard ookal waar sulke eise, verliese en skade veroorsaak is deur die Kind se nalatige of moedswillige optrede.

In die ondertekening van hierdie vorm erken ek dat ek die inhoud gelees het en dat ek dit volkome verstaan.

……………………………  ……………………………..
Handtekening (ouer/voog)  Datum

_________________  _________________
Mnr. N. Beets  Datum
(Namens beheerraad wat elektronies onderteken het)

Beleid hersien: Januarie 2024

| | |
|---|---|
| Merwe Scholtz (BR-voorsitter) | |
| Naas Beets (Skoolhoof) | |
| Susan van der Walt | |
| Esri Marais | |
| Marié Cruywagen | |
| Andries Viljoen | |
| Lucia de Jager | |
| Ischké Felix | |
| Hannes Muller | |
| Marinda Brink | |
| Stephen Hitchcock | |
| Hugo van den Heever | |

Datum: ________________________________